

DAAR EN HIER:

A.S.B.-HOOFBESUUR EN DIE PLAASLIKE TAK.

WAT DINK U HIERVAN?

In 'n onderhoud met mnr. Johan van der Vyver, president van die A.S.B.-Hoofbestuur, is gemeld dat die massa gerus hulle gedagtes vry teuels kan gee in soverre dit aanbevelings aan die A.S.B.-Hoofbestuur betref. Uit die aard van die saak is dit duidelik dat sodanige wenke en kritiek deur die kanaal van die plaaslike A.S.B.-tak en/of die Studenteraad sal geskied.

GESKIEDENIS:

Op die laaste A.S.B.-kongres, gehou April te Stellenbosch, het daar besware teen die huidige konstellasie en werksaamhede opgeduik. Die Hoofbestuur het destyds besluit om in te gaan op die moontlikheid van mobilisasie en interne konsolidering van die A.S.B.

Met oorweging van wenke het die Hoofbestuur verskeie aanbevelings van belang gemaak, wat op Saterdag, 24 Augustus, voor die Beleidsraad gelê sal word en waaroor die eersvolgende kongres sal besluit.

FEDERASIE VAN STUDENTERADE:

Moet die A.S.B. sy huidige vorm behou of moet dit omskep word in 'n Federasie van Studenterrade?

Die A.S.B. is 'n seksionele kultuur-organisasie in diens van die Afrikaanse volk en spesifiek van die Afrikaanse student; dit is gestig as 'n strydorganisasie, deels op grond van die linkse politiek van N.U.S.A.S. en deels om aan 'n bepaalde kultuurbehoefte te voldoen. Hierdie opset moet die A.S.B. behou!

Die Hoofbestuur is van mening dat die Christelik-Nasionale grondslag gehandhaaf moet word, met Afrikaans as die enigste amptelike taal van die A.S.B.: 'n Federasie sou kleurloos wees, sonder om in iets meer as 'n administratiewe funksie en doel te voorsien.

KONTAK:

Uit vorige uitgawes van „Die Wapad” spreek dit duidelik dat die Studenterrade positief sal reageer op die uitnodiging van Engelssprekende opvoedkundige sentra. Hier kan ons veral dink aan simposia, informele samespre-



J. D. VAN DER VYVER, PRESIDENT VAN DIE A.S.B.

kings, wat op uitnodiging verwelkom en andersyds beantwoord sal word deur soortgelyke uitnodigings aan Engelssprekende Universiteite te rig. Waarnemers van laasgenoemde groep kan dan ook reken op 'n gulle uitnodiging na die A.S.B.-kongresse.

BESLUTE EN AANBEVELINGS:

Deur 'n Departement van Opvoedkunde op die Hoofbestuur in die lewe te roep, sal aanbeveel word om die Hoofbestuur met één lid te vergroot. Die portefeulje moet dan deur 'n afgevaardigde van 'n Normaal- of Onderwyserskollege gevul word.

Die Afrikaanse Studentegemeenskap bestaan uit meer groepe as wat tans onder die A.S.B. inbegrepe is. Die Afrikaanssprekende student aan die Engelse Universiteite in ons land, die

studente van die Universiteit van S.A. en miskien Landboukolleges staan prakties buite die A.S.B., aangesien A.S.B.-takke hier telet of prakties onbestaanbaar is. Die Hoofbestuur beveel aan om sodanige Afrikaanssprekende studente te betrek deur voorsiening te maak vir individuele A.S.B.-lidmaatskap.


ARBEIDSVELD:

Belangstelling in 'n wyd verspreide groep van studente bring mee: hoë koste, daarom sal die affiliasiegeld verhoog word tot 2/6 per lid, met dien verstande dat adisionele 1/- per lid op 'n rentedraende reserwerekening geplaas word.

Ter uitoefening van sy doelstelling word aanbeveel, dat in sover moontlik historiese monumente onder die beskerming van die A.S.B.-takke geplaas sal word; dat plaaslike takke georganiseer sal word op die patroon van die A.S.B.-Hoofbestuur en waar prakties moontlik daarbenewens 'n A.S.B.-skakelraad bestaande uit die voorsitter van al die kultuurliggame aan elke tak, in die lewe geroep sal word.

Plaaslike takke word versoek om buitelandse studente onder die beskerming van die A.S.B.-tak te neem.

Die aktieweiteite van die A.S.B. getuig van groot ywer, nogtans kan meer gebruik gemaak word van die Organiserende Sekretaris, meer kunsfeeste en uitstallings kan gehou word. Die onderskeie takke kan definitief trag om in nouer voeling met mekaar te kom as slegs deur kongresse. U sal geleentheid hê om nog baie wenke en opbouende kritiek hieraan toe te voeg, en waar u so'n geleentheid gebied word, maak gerus daarvan gebruik.



TJAART VAN DER WALT.

TJAART VOEG NOG 'N GRAAD BY.

So pas is verneem dat Tjaart van der Walt 'n Honneursgraad in Semitiese Tale met onderskeiding behaal het.

Wat hierdie prestasie des te indrukwekkender maak, is die feit dat dit gedoen is in die midde van sy oorvloedige as Voorsitter van die Studenteraad en 'n gevorderde kursus in Teologie met al die bykomende werksaamhede wat dit meebring.

Nadat Tjaart sy B.A.-graad met onderskeidings in sy hoofvakke alhier behaal het, is hy in 1954 na die Universiteit van die Witwatersrand waar hy aan die einde van daardie jaar 'n Honneursgraad in Klassieke, dit wil sê in Grieks en Latyn, by sy B.A. kon voeg. Hy het die voorreg gehad om onder die klassikus, Prof. T. J. Haarhof te studeer.

Ons hartlikste gelukwensinge aan Tjaart vir hierdie jongste prestasie.

MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS”!****DAMES!!**

Kom koop al u benodigdhede hier op die BUL1
teen baie redelike pryse.

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe SOMERVOORRAAD

CACHET MODES (EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

POTCHEFSTROOM**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

Mnr. J. Venter

Dawie du Plessis, Heimat,

Piet Grobler-huis,

Teologiese studente.

Mnr. H. van Rooy

Klawerhof, Ons Huis, Postma Huis, Uitspan, De Klerk Huis.

Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**LOOCK & KEENEY****Kleremakers****Calderbanksgebou,**

Kerkstraat 150 — Telefoon 855.

POTCHEFSTROOM.**TURKSTRA****BAKKERY**

(Edms.) Bpk.

Kerkstraat 61.

RAADPLEEG ONS VIR . . .

● **BROOD**

en

● **ALLE KOEKSOORTE.****ELKE DAG VARS . . .****J. TOD SUTTIE.****Komplete****Mansuistrusters**Vir al u **KLERASIE** en ander benodigdhede.

Kerkstraat 177 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM**KOM SIEN ONS—**

vir al u

● **Fotografiese**

en

● **Aptekersbenodigdhede.****GEEN & VELLEMAN**

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.Drink **S & S** en Geniet**DIE BESTE****SUPER ORANGE****TING-A-LING****PEP-A-DILLA****TOP HAT****SHERR & SHAKINOVSKY****POTCH. MINERAL WATER****FACTORY**

Phones 16 & 1144

P.O. Box 134

*Die Wapad*

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

Donderdag 22 Augustus 1957.

REDAKSIE

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemsse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Rooy; Aflos Mej. L. Heslinga; Fotograaf: J. van der Walt.

ADMINISTRASIE

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

Dankie, Tjaart.

Oor minder as 'n maand sal een van die persone wat die langste en hardste skof in die studentelewe van die P.U. vir C.H.O. agter die rug het, die tuig neerlê. Alleen die toekoms kan leer in welke mate hy 'n blywende stempel afgedruk het op die terreine wat hom so na aan die hart gelê het, daarom is dit nie die doel om hierdie 'n waardering van sy werksaamhede te lewer nie. Langs hierdie weg wil „Die Wapad” egter as mondstuk van die studente aan die P.U., 'n woord van dank en hulde bring aan Tjaart van der Walt.

In 1951 het Tjaart as student aan die P.U. vir C.H.O. ingeskryf. Spoedig het hy hom as leier en briljante student onderskei op wyd-uiteenlopende terreine, sodat hy in 1953 reeds op die Studenteraad verkies is. In 1954 sit hy egter sy studies aan die Universiteit van Witwatersrand onder Prof. T. J. Haarhoff voort, en behaal sy Honneursgraad in Klassieke (d.w.s. Grieks en Latyn) met onderskeiding. Gedurende 1955 beklee hy 'n tydelike lektoraat in Grieks aan die P.U. en aan die einde van daardie jaar word hy verkies tot Voorsitter van die Studenteraad. Sy eerste ampstermyn sal waarskynlik altyd onthou word vanweë die ambisieuse reorganisasie van die studentelewe wat hoofsaaklik op sy inisiatief van stapel gestuur is. Tjaart is herkies tot Voorsitter van die Studenteraad vir 1957 en het weereens hierdie moeilike posisie met groot bekwaamheid beklee. Ook op interuniversitêre terrein het Tjaart hom onderskei: hy was o.a. Onder-President van die A.S.B. en op kongresse het hy leiding gegee wat allerweë waardeur is en die agting van almal afgedwing het. Dat hy op wonderbaarlike wyse nog student gebly het, ten spyte van vele non-akademiese bedrywighede, word deur die feit bewys dat hy so pas 'n Honneursgraad in Semitiese Tale met onderskeiding behaal het.

Die eienskappe wat Tjaart van die gewone mens onderskei, is talryk. Die gemiddelde student sal hom altyd waardeur as die kalm persoonlikheid wat op 'n massavergadering met die grootste gemak en takt elke situasie hanteer. Veral kenmerkend was die wyse waarop hy altyd aan die minderheid geleentheid gegee het om hul saak te stel. Daarna het hy die deeglik-bespreekte saak op sy sistematiese manier saamgevat, en hier en daar ter opheldering van 'n puntjie iets bygevoeg. Wanneer hy self aan die woord is, was hy die spreker wat kon meevoer en oortuig, wat sy argument stap vir stap en klinkklaar stel en op die ou end kry wat hy vra.

Onder die studentemassa het niemand homself ooit as die besondere vriend van Tjaart beskou nie, want elkeen het geweet: hy is die ewe groot vriend van almal. En dit is te danke aan die besondere gawe om nederig te bly, persoonlik belang te stel in elkeen en ten spyte van talle werksaamhede altyd 'n tydjie af te sonder om na probleme te luister en raad te gee.

So was Tjaart in vele opsigte 'n voorbeeld wat ons altyd sal waardeer. Wanneer ons by hom menslike swakhede bemerk het, het dit slegs gedien om hom nader aan ons te trek, want daarsonder sou hy koud en verheve bo ons gestaan het.

Mag die God wat vir Tjaart altyd sy Kragbron, Leidsman en Raadsman was, hom steeds so genadig wees op sy verdere lewenspad. Dit is die bede van die studente van die P.U. vir C.H.O.

INTERESSANTE VAKANSIEMOONTLIKHEDE

Deur veel moeite het die A.S.B. daarin geslaag om die samewerking van 'n aantal Boere- en Landbou-unies te verkry in die WERKVERSKAFING aan studente gedurende vakansies. Die studente werk teen 'n gemiddelde vergoeding van £15—£20 per maand plus vry losies en inwoning.

Studente wat alreeds die afgelope vakansie by boere gewerk het, was baie tevrede. Graag wil ons dus die studente wat in boerdery belangstel opwek om van die aanbod gebruik te maak.

Daar sal eersdaags 'n lys op die kennisgewing-bord verskyn. Op hierdie lys moet die studente wat voornemens is om hiervan gebruik te maak, net aanstip in watter tipe boerdery hulle belangstel en gedurende watter tyd hulle wil werk.

Verder het die departement van Landbou onderneem om vir die A.S.B. 'n LANDSDIENSKAMP by Magaliesberg te reël van 7 tot 14 Desember. Die koste verbonde aan die kamp is slegs 5/-. Verder sal kampeerders slegs persoonlike benodigdhede soos klere, ens. moet saambring. Studente wat in Transvaal woonagtig is sal van 'n gratis reiskaartjie heen en terug voorsien word. Studente in ander Provinsies sal

gratis reiskaartjies ontvang vanaf die Transvaalse grens.

Die plaaslike A.S.B.-tak het 'n FILMVERTONING gereël vir Maandagaand, 26 Augustus. Hulle wil alle A.S.B.-lede aanmoedig om hierdie vertoning by te woon aangesien dit baie interessant en leersaam sal wees.

VOORTREKKERKOMMANDO AAN P.U. GESTIG.

Die dag van 19 Augustus 1957 sal altyd opgeteken staan in die annale van die Voortrekkerbeweging van Potchefstroom as die dag waarop tot 'n lang gekoesterde ideaal oorgegaan is nl. die stigting van 'n kommando bestaande uit trekkers van Normaal en Universiteit.

Hoewel die opkoms enigszins deur die griep in die wiele gery is, was die getalle nogtans bemoedigend en kon die vergadering ook vlot verloop; dit was nl. slegs 'n stigtingsvergadering en dien ten gevolge is geen lesing gelewer nie.

Kolonel Jacobs en sy vrou is eenparig tot kommandant en onderkommandante verkies, terwyl Dr. J. A. L. Taljaard die amp van sekretaris-penningmeester beklee. Aan voldoende ofisiere en distriksbestuurslede (aanvanklik) het dit nie ontbreek nie. Ook is daar besluit dat die kommando verneem sal word na Oom Louis du Plessis wat sedert 1940 baanbrekerswerk in die verband te Potchefstroom verrig het.

Daar word allerweë gehoop dat die beweging nou alhier 'n bloeiperiode binnetree; veral ook dat daar meer inspirasie en daadkrag in die P.U.-geledere mag ontstaan, want ons het hier te doen met 'n volksaak wat die individue oorskou en hul saamgroepeer in een strewe en een doel—wat trouens ook 'n uitlewing is van 'n Hoëre Roeping.

(Berig deur J. H. VAN WYK.)

Gordenking

ROOI WAG!

„soos ons ook ons skuldenaars vergewe” (Matth. 6:12b).

U ken hulle, verkeersligte, wat soms al te lastig kan wees. In die Bybel kom ons telkens sulke verkeersligte teë. Jesus roep ons in ons teksvers ook toe: rooi wag! En nou kan mens die verkeerslig verontagsaam. Maar wat gebeur dan? Ongelukke!

Hoeveel mense sou daar wees wat in hul (studente-) lewe wrok en bitterheid dra en hulle kan nie vergeet nie, omdat hulle nie kan vergewe nie.

Daar's drie gangbare maniere om beledigings te wreke:

As mens skugter van karakter is, maak mens of jy niks bemerk nie. Misken dink ons dan, dat ons ootmoedig is en sag van geaardheid. Dit is egter 'n vergissing, dan kies ons eenvoudig die weg van die minste teëstand. In 'n ander geval kan ons redeneer: ag wat, hy (of dit) is benede kritiek, te kleinlik om daarop in te gaan. Dit lyk voornaam en groots, maar is banaal. Ons kan ook kwaad word, 'n teenbelediging uitspreek en só vir die duiwel in ons swig.

Die negatiewe sy van die teks het dit altyd in gemeen: egoïsme en selfhandhawing!

Jesús wat op aarde baie moes ly onder beledigers, sien die belediger net in liefde aan. Hy dink nie aan Homself en Sy gekrenkte eer nie. Hy dink slegs daaraan hoe hy die man, wat sondig, kan red. Die enigste antwoord op die ons aangedane belediging is die offensief van die liefde!

„En as jou broer teen jou sondig,

gaan bestraf hom; en as hy berou het, vergeef hom.” Egte liefde kan slaan, omdat egte liefde die belang van die ander soek!

Was daar één vader, wat sy kind meer liefgehad het as die vader van die verlore seun? Die egte liefde wil altyd vergeef. Dit dra geen wrok en word nie bitter nie. Dit wag. Wag tot by die ander die besef gebore word, hoeseer hy hierdie liefde gegrief het!

Was daar één Vader wat Sy kinders meer liefgehad het as „Onse Vader”? Want dit was ons hande, wat die spykers geslaan het om Sy Seun aan die kruis te nael!

Ons word álmal geraak deur die geweldige liefde van die Here, wat ons wil vergeef hoewel ons jeens Hom baie meer sondig, as iemand ooit jeens ons kan sondig.

„Want so lief het God die wêreld gehad”

Verset U nie teen hierdie goddelike liefde nie, sodat van die liefde die eggo voortklink in die lewe van mense, wat dan ook leer bid: vergeef ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.”

SONSKYN KAFEE

TOMSTRAAT,

POTCHEFSTROOM

VIR U —

SIGARETTE,
LEKKERS,
KOELDRANKE en
TYDSKRIFTE.

EN ANDER VERVERSING
ASOOK

SNOOKER.

UITSTEKENDE DIENS.

DIE BULT

Algemene Handelaar

Von Wiellighstraat 46,

Foon 2025.

KRUIDENIERSWARE,
SIGARETTE en LEKKERS
RUDGE FIETSE en FIETS-
ONDERDELE

S A A M W E R K WINKEL,

VON WIELLIGHSTRAAT 35

Foon 515

Algemene Handelaars
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
KLERASIE,
en SKRYFBEHOEFTE

„Kom ondersteun ons Pukke!”

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !”

(’n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE
en SKOENE deur ’n

FIETS aan te skaf.

C. V.D. MERWE
FIETSHANDELAAR



LEON SWART

Volle besonderhede in verband met die werk by boere, die landsdienskamp ens. is verkrygbaar by mnr. Leon Swart of Chris Coetsee.

HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION.

Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.

Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede
vir u Motor, Trekker, ens.

CORNER FRUIT STORE



„U KEN ONS!!“



WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL

vir alle
SPORTUITRUSTING en
HARDEWARE
SPORTBENODIGDHEDE.



PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat.

vir al u

Wetenskaplike Boeke
en Skryfbehoeftes.

Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

J. HEIDEMA

Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)



Vir FIETSE.

Vir ZÜNDAPP Motorfiets.

Zündapp model KS 601 £348

Zündapp model 200S £183/2/6

Zündapp Combinette £81/10/-

Zündapp Combimot

Fietsmotors £39/-/-

Studente . . . !!

vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSE-
KER VAN GOEIE DIENS!

POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL

Kerkstraat 126 — Telefoon 497

U word nou Werkgewer.

'n Langgevoelde behoefte gaan binnekort vervul word: die Studenteraad gaan 'n gesalarieerde persoon aanstel ten einde die werk van die S.R. te help behartig. Die geweldige uitbreiding van die werksaamhede van die S.R. en t.o.v. terreine en t.o.v. intensiteit, maak die behartiging van die werksaamhede deur S.R.-lede onmoontlik. Dit bring mee dat die werk soms noodwendig afgeskeep moet word en verhoed dat nuwe terreine betree word.

BESONDERHEDE:

Die S.R. het besluit om 'n gesalarieerde persoon in diens te neem. Sy werk sal dus nie bloot liefdediens wees nie, maar hy sal behoorlik vergoed word.

Hy sal beskou word as 'n deeltydse organiseerder in diens van die S.R. en die georganiseerde studentelewe. Sy arbeidsterrein sal bestaan uit werksaamhede soos deur die S.R. aan hom oorgedra. Patronaatliggame kan aansoek doen dat hy vir spesifieke sake in hulle diens staan, bv. met reëlings vir Vreugdedag, toere, funksies, konserte, sportbyeenkomste, ens. Naas hierdie werk kan hy rustig sy studie voortsit—dit egter sonder betaling van die kant van die S.R.

HOEVEEL WERK?

Die persoon sal ongeveer 500—700 uur werk per jaar moet doen. Hy sal kennisgewing ontvang van sy spesifieke werk en werktipe so gou moontlik sodat hy volgens 'n werkrooster sal kan arbeid en sy studies so ongehinderd moontlik kan voortsit.

Die persoon sal moet onderneem om vir ten minste een jaar die werk te doen—en liefis vir twee jaar. Elke geval sal op meriete beoordeel word en diens sal moet aanvaar word aan die begin van volgende jaar en indien nodig selfs teen die einde van vanjaar.

Vir vakansies is ruimskoots voorsiening gemaak: alleen wanneer studentelewe op sy drukste is sal daar veel te doen wees. Wanneer die PUK nie „in sitting“ is nie, sal daar vir minstens twee weke werk wees en in eksamentyd baie min.

Die beloning vir sy moeite sal ruimskoots wees: afgesien van dank ens. is die salarisskaal vasgestel op £200+25—£250 per jaar kwartaalliks uitbetaalbaar. Hierbenewens sal reiskoste ens. indien nodig voluit betaal word tot 'n maksimum van £75 per jaar.

BELANGRIK VIR STUDENTE:

Dit is 'n saak wat die hartlikste steun van die studente verdien, want die aanstelling wil veral—en by voorkeur—uit die geledere van die studente gemaak word. Hier is die gulde geleentheid vir diegene wat belangstel in die studentelewe en 'n klompie ekstra geldjies om verdere studies moontlik of draagliker te maak.

Verdere besonderhede is by die S.R.-kantoor of enige lid van die S.R. verkrygbaar. Sluitingsdatum vir die aansoeke is 30 September. Vir wedersydse beskerming sal 'n kontrak met die suksesvolle applikant gesluit word.

Hierdie verwikkeling moet as 'n ernstige proefneming beskou word en deur die welwillende steun van alle studente kan hierin iets gevind word wat die studentelewe alleen maar kan baat.

Die Afrikaner en sy ekonomie.

Op die laaste programvergadering van die jaar is die A.S.B. toegesprek deur Dr. P. J. Meyer, 'n bekende Afrikaanse sake-man van Johannesburg.

Die doel van die toespraak was om die ou vooroordeel teen die sakewêreld, wat tradisie geword het onder die Afrikaners, die nek in te slaan.

Met hierdie doel voor oë het Dr. Meyer sy heldere gedagtes skematies voor die vergadering gelê op so 'n wyse dat dit elke Afrikanerhart besiel.

Uit die geskiedenis blyk dat die Afrikaner sy taak, nl. die kerstening van donker Afrika reeds besef het. Op die terrein van Taal- en Kultuurbewustheid en ook van Politieke selfstandigheid is reeds veel tot stand gebring ten spyte van bittere teenkantiing. Die derde groot terrein is dié van die Ekonomiese — ons moet aan onself werk verskaf; daarsonder is ons nie selfstandig nie.

Ons taak is om die jong Afrikaner sy minderwaardigheidsgevoel ten opsigte van die laasgenoemde te laat vergeet, om aan hom te toon dat, terwyl hy in weerwil van soveel teenstand, op die eersgenoemde twee terreine selfstandigheid bereik het, hy ook hier selfstandig kan word. Moet ons nie 'n Genootskap ter Bevordering van die Bydrae tot die Landseconomie stig soos daar met die taalstryd die G.R.A. ontstaan het nie?

Die ekonomiese beweging moet deur ons bespoedig word omdat ons op die oomblik op elke gebied 'n geweldige agterstand het.

Van die bespoediging behandel die spreker net een aspek, nl. die Ondernemingsfunksie. In die sakewêreld is

RAAD WAARDEER OPTREDE TE STELLENBOSCH

Die volgende brief is deur die Registrateur van die P.U. vir C.H.O. aan die Studenteraad gerig:


„Die Raad van hierdie Universiteit het op sy jongste vergadering met groot waardering kennis geneem van die verslag in verband met die toer na die A.S.B.-kongres te Stellenbosch, en dit is aan my opgedra om die Raad se waardering teenoor die geselskap uit te spreek vir die waardige gedrag van ons studente.

Die Raad wil ook sy gelukwense oorbring aan ons studente vir hul besondere bydrae tot die welslae van genoemde kongres. Die Raad is met reg trots op die studente van hierdie Universiteit”

daar die volgende groepe mense: die ondernemende, die gespesialiseerde, die geskoolde en die verbruikersgroep.

Onder die eerste groep, wat die risiko van algehele finansiële vernietiging loop, het die Afrikaner sy plig versuim, behalwe op gebied van boerdery. Die oorsaak lê in die atmosfeer van kennismaking — onsekerheid. Afgesien daarvan dat 'n ondernemer „waagmoed“ moet besit, taai en volhardend moet wees, sonder vakansie 16 uur per dag moet werk en aan enorme geestelike en liggaamlike eise blootgestel staan, moet hy ook oor die volgende vermoëns beskik: Moet gesag kan uitoefen, moet kan organiseer, moet inisiatief van werkers uitlok, moet samewerking, getrouheid en lojaliteit by die personeel opwek en moet by die werker belangstelling vir sy werk gaan maak.

Ons moet sorg vir leiers met regte eienskappe net soos op Kulturele en Politieke gebied, ons moet die saak populariseer en vooroordele afbreek, want tweemaal soveel geld moet bestee word aan advertensie en verkoops personeel deur Afrikaanse sakeondernemings weens vooroordeel, as wat normaalweg die geval sou gewees het.



Brokkies uit die Kunswêreld

Simfonie-Orkes

bied sprankelende konsert.

Op Saterdag, 17 Augustus, het Anton Hartman weer 'n uitvoering hier kom lewer met 'n klompie van die lede van die S.A.U.K.-simfonie-orkes, aangebied deur die P.U.-musiekvereniging. Dit was alreeds vir die lede van die orkes 'n moeilike taak om die standaard wat hulle die vorige jaar bereik het met die konsert, te ewenaar, maar nie een van die konsertgangers het teleurgesteld huis toe gegaan nie. In die konsert is werke van Beethoven, Grieg, Mozart, Wagner en Haydn uitgevoer.

Reeds van die begin af het die orkes die gehoor vasgevat met hulle uitvoering van die Beethoven-overture, wat op 'n energieke manier gedoen is. Die twee elegiese stukke van Grieg, wat deur die strykkorke uitgevoer is, was besonder innig, intiem en die gehoor het in ademlose stilte daarna geluister. Die Siegfried-idille het by tye gedreig om vervelig te word, maar dan het dit telkens weer opgeflikker as die kenmerkende Wagnervuur daaruit gespreek het.

Besondere vermelding verdien die Mozart-concerto vir hobo, klarinet, fagot en horing. Hierdie concerto is op sprankelende wyse deur die soliste en orkes vertolk. 'n Mens weet nie of dit maar net is omdat die Mozart was en of daar dalk ander faktore was nie, maar met die uitvoering hiervan het die hele konsert somer opgelewe. Behalwe dat die tema op 'n besonder lewendige en interessante manier deur die komponis verwerk en verdeel is onder die vier solo-instrumente, het die soliste dit met lewendigheid vertolk—veral die fagot-speler.

Deur hierdie optrede van haar saam met die orkes, het mev. Sarie Serfontein-Theron miskien meer die aandag getrek as met haar vorige uitvoering saam met die stryk-ensemble van mnr. Wegelin, miskien meer om die soort van lied wat sy hierdie keer gesing het. Sy het met 'n besondere suiwer en tegnies goed afgewerkte stem gesing. By tye het haar stem egter heeltemal weggeraak onder die begeleiding van die orkes, maar die uitvoering wat sy gelever het, was waarlik 'n genot om na te luister.

Die slotwerk van die orkes was die Klokke-simfonie van Haydn. Veral die kenmerkende klokke-tema in die stadige beweging het die aandag getrek. Alhoewel dit toe alreeds taamlik

laat was, het die uitvoering van hierdie werk en trouens van die hele konsert, die gehoor nie daarvan weerhou om die orkes 'n luide applous te gee nie.

Die gehoor by hierdie konsert was verreweg nie so groot soos wat dieselfde orkes verlede jaar met hulle uitvoering hier gehad het nie. Die teenwoordiges het die orkes egter 'n baie goeie gehoor gebied; trouens Anton Hartman het hulle ook daarmee gelugewens, „want”, het hy gesê, „dit was 'n baie moeilike program”. Maar of die half-leë saal nou te wyte was aan die griep en of dit nou nie te wyte was aan die griep nie, enige een wat hierdie konsert misgeloop het, kan weet dat hy nie weer vanjaar so iets hier sal hoor nie.

GROOT GEEL, PIEP' SAAI VERWOESTING

„Van oor die hele land kom berigte van 'n groot pes wat oor Suid-Afrika uitgebreek het. Hospitale is ontwig, fabriek moes produksie staak, skole sluit en die hele land leef in afwagting van die gevaar wat soos 'n swaard van Demokles oor hul hoofde hang. Die pes is glo afkomstig uit die Ooste en staan bekend as Geel Griep . . .”

Vristina van den Kerwe kyk met 'n gesiggie wat eers diep bedruk was, maar nou straal van lewensvreugde op na haar kammie: „Haai, Clammie, my ou kammie, weê jy, ek het ook mos nou Oosterse Griep. Ek skryf reeds môre so 'n wille toets—en nou hoef ek nie eens te swot nie!”

Ja, en so het hulle in strepe afgesak flik toe en die Grand het weer begin bestaan. Die een se dood is die ander se brood. In die klas staan die Proffie voor 'n paar bittereinders: „Nou, waar is al die seuns en dogters dan vanmôre?”

„Nee, oom, hulle is flie . . . , ag, hulle het pes!”

En so het dit aangegaan todat die Menere naderhand begin dink het dat dit darem maar lekker is.

„Nou Gawerjal, kom ons maak dan ôk maar so . . . !”

„Nou was voorwaar dié tyd waar almal se gewete gerus het. Dis mos darem nou heeltemal wettig. Maar soos Repyp nou die dag amptelik die volgende proklamasie aan die Republiek uitgevaardig het: „Wat te erg is, is te erg. Te veel van 'n goeie ding is ook nie goed nie. Die flik raak ook al vaal—ek gaan nou maar weer klasse loop. Dis darem weêr 'n verandering”.

ALF CURADO

(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)

maak met genoeg bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee

ALF'S STUDIOS

KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater)

geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.

'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUK-
DIENS (Aflerwing binne agt uur)
word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.

As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.

PUKKIES!!

SPAAR JULLE ENERGIE
VIR GROTER DINGE
BESOEK:
KOLLEGE

ONTANTANTWINKEL

PUKKIES!!

VIR:

- TOILETWARE
- SKOONHEIDSMIDDELE
- SKRYFBEHOEFTE
- VULPENNE
- HORLOSIES
- EETWARE en alle
- STUDENTEBENODIGHEDE.

Hierdie is die winkel
waarna julle al jarelank
smag.

H/v Tom- en von Wiellighstrate.

UNIE BAKKERYE

Posbus 244 — Foon 167 en 1086.

BROOD, KOEK en PASTEITJIES.

Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede

TROU, VERJAARDAG en
DOOPKOEKE.

Kerkstraat 60, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

FLEURETTE BLOEMISTE

Kerkstraat 91,
POTCHEFSTROOM.

Bestel a.u.b. vroeg

SPESIALE
AFSLAG AAN
STUDENTE.
TELEFOON 709

JAY'S GARAGE

(K. NODEL, Eienaar)

Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM

Voorraadhouers en Handelaars in

- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERS,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-
IMPLEMENTE, ens.

OOSTHUIZEN Kole-agentskap.

Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

Theos op afdraende pad.

NAVY SPEEL WINDMAKER VOETBAL.

Nadat Theos hierdie kwartaal reeds die knie moes buig voor Potch.-Dorp en Western Reefs, skyn dit asof hulle nie weer vastrapplek kan kry nie.

In hul wedstryd verlede Saterdag teen Western Reefs moes Theos tweede viol speel en is met 9—3 die loef afgesteek. Met hierdie neerlaag kan Theos dit nou feitlik as 'n uitgemaakte saak beskou dat die Neser-beker vanjaar sy tuiste op Lichtenburg sal vind. Die telling van 9—3 in die guns van die mynspan is 'n goeie weergawe van die spel. Theos het op geen stadium na wenners gelyk nie en het dit ook verdien om te verloor.

VERLOOP:

Theos se punte het gekom na 'n lieflike breekslag deur senter Boere van der Westhuizen, toe hy soos blits deur die verdediging genael het om 'n skitterende en welverdiende drie aan te teken. Die vervyfskop van vlak voor die pale is deur Kruger verbrou.

Die moeilikheid het gekom deurdat die bal die agterlyn te min en te stadig bereik het. Eerstens kom die bal nie vinnig genoeg uit die skrum nie en verder was Fourie op skrumskakel heeltemal te selfsugtig. Hy is geneig om soms baie onoordeelkundig om die skrum te probeer breek terwyl sy agterlyn staan en koud word.

Daar lê egter nog 'n hele paar

wedstryde voor en indien Theos dit nou maar wil vergeet om wenrugby te speel en in plaas daarvan die spel oopmaak en die bal rondgooi, kan ons nog baie van Theos verwag. Die proefneming in die agterlyn deurdat Hennie van der Walt nou vir Kruger in die losskakelposisie vervang en lg. saam met Jan van der Schyff senter speel, is baie interessant en word met belangstelling gevolg.

NAVY:

Navy is deesdae in wenluim en gaan van oorwinning tot oorwinning voort. In 'n harde wedstryd het hulle Western Reefs se tweede span met 3—0 geklop. Navy was dan ook die enigste van die Puk se spanne wat die mas

kon opkom. Navy is ook baie laag op die punteleer en hierdie oorwinnings behoort hulle heelwat te baat.

FIRES:

In teenstelling met wat die kritiek van andere was, het die wedstryd tussen Fires en Western Reefs III heelwat hoogtepunte opgelewer en by tye is baie aanskoulike spel gespeel. Die twee spanne het met 5—5 gelykop gespeel.

In die lig gesien egter van belangstelling, behoort Fires nie te gelukkig te voel nie aangesien daar byna nie meer belangstelling is nie en telkens maar 'n span bymekaargeskraap word. Van fiksheid kan daar gevolglik ook nie sprake wees nie.

O-19B:

Die onder 19's het in die plek van Tekkies teen Wolmaranstad gaan speel en hul swaarder teenstanders met 6—0 die loef afgesteek. Hierdie telling moes egter 6—3 gewees het aangesien 'n geslaagde woer-woer strafskop van die teenstanders nie toegeken is nie.

HOKKIESEISOEN BEEINDIG



CHRISTI COETZEE, KAPTEIN
VAN DIE SUKSESVOLLE
HOKKIESPAN.

Die Pukkies moes maar genoë daarmee neem om hul hokkieseisoen af te sluit met 'n neerlaag van 1—0 teen Potchefstroom-Dorp.

Die eerste wedstryd hierdie kwartaal is teen Blyvooruitsicht gespeel en die Pukkies moes na die vakansie tevrede wees om met 3—2 geklop te word.

Die volgende wedstryd is egter teen Proefplaas gespeel en hier het die Pukke met lieflike samespel daarin geslaag om 6—0 te wen. Die Landboustudente is eenvoudig van hul voete gespeel en het later nie meer geweet waar om te keer nie.

In die laaste wedstryd teen Dorp, het die Pukkies swak gespeel en daar was ook 'n swak verstandhouding tussen voor- en agterspelers. Die telling van 1—0 in Dorp se guns moes baie anders gewees het en wel in die Pukkies se guns. Nogtans het 'n baie aangename seisoen ten einde gekom en die Pukke slyp hul tande om volgende

jaar nog meer van hulle te laat hoor. Ons verneem ook dat die Kovsies volgende jaar sal moet lig loop.

DIE MAAN HET GEBLOOS

Blosend moet die maan erken dat daar in die laaste tyd so min amoreuse bedrywighede op die Puk was om van hom gebruik te maak, dat hy maar besluit het om agter die wolke te gaan sit en SWOT!

Voor hy vertrek sien hy darem vir Jansie du Plessis en Elize du Toit weer bymekaar, om nie eers te praat van Susan Yssel se blink klip afkomstig van Willem van der Schyff nie. Ten slotte, die bome bot en dit tipeer twee botsende en magtige neigings op 'n plek soos die Puk, nl. t.o.v. Liefde en die Akademie!

PRESIDENT CAFE and GRAND CAFE FOR:

- SWEETS,
- GRILLS
- and
- COOLDRINKS

MOOIRIVIER- APTEEK

Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380

Die Aptek vir Diens!!

ARCADIA

Dames- en Mans-

HAARKAPPERS

VIER GEKWALIFISEERDE
HAARKAPPERS TOT U DIENS.

„Netheid en Kwaliteitswerk”
is ons leuse.

Rokersbenodigdhede en
Fantasiegoedere

DIE BULT SKAATSBAAN

„PUKKE ondersteun ons vir

AANGENAME

ONTSPANNING”

Oop vanaf 7.30 in die aand

J. P. van der WALT APTEEK

Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-
P. U. KANER!”

Ek voorsien ALLES wat van
'n APTEEK verlang word.

WESTVAAL

Studente !!!

VIR KWALITEIT

DROOGSKOONMAAK

STUUR NA

WESTVAAL

INGRAM SE

BOTTELSTOOR
INGEVOERDE

en

KOLONIALE

- Wynsoorte
- en
- Spiritualieë

Adverteer in „Die Wapad”

GEDRUK DEUR ENSLINS, POTGIETERSTRAAT 31, POTCHEFSTROOM.